



# InfoForum

## Nuusbrief van die Potchefstroomkampus - Biblioteke



### Ons verwelkom die eerstejaars!

As deel van die O&B-program is sowat 4 200 eerstejaars op Donderdag, 22 Januarie, in die Biblioteek ontvang. 25 personeellede van die Biblioteek het gehelp om die eerstejaars in groepe aan die Biblioteek bekend te stel. Die boodskap wat aan die eerstejaars oorgedra is, is dat nuwe studente die Biblioteek nie net sal leer ken as 'n vriendelike omgewing met hope studieruimtes en PC-lokale nie, maar ook as die Nr 1-stop vir alle inligtingsbehoefes.



Eerstejaars wag om deur die Biblioteek geneem te word.



Biblioteekpersoneel



Klik hier vir die inligtingsvideo wat vir die eerstejaars gewys is.

### Jou akademiese oorlewingsgids vir 2009



Waar kry ek inligting vir my referate?  
Hoeveel boeke kan ek uitneem?  
Het julle voorgeskrewe handboeke?

Hierdie vrae en meer word beantwoord in die nuwe kleurvolle [brosjyre](#) wat die Biblioteek so pas beskikbaar gestel het. Met hierdie gids wil die Biblioteek op 'n vars manier die biblioteekdienste en inligtingsbronne aan studente bekend stel. Kry gerus die brosjyre by die Inligtingstonbank of by die takbiblioteke.

## Afdeling vir Gereserveerde Bronne nou op grondvloer langs Afdeling Leendiensteste

Die afdeling vir gereserveerde bronne ("[Reservering](#)") het in Januarie 2008 verskuif na die grondvloer reg oorkant die Nashua-kopieersentrum. Omdat studente dikwels na boeke gesoek het wat deur ander gebruikers ver lê is, is daar besluit om vanaf 'n selfhelp-stelsel na 'n toonbankdiensstelsel oor te skakel. Ons glo dat hierdie verskuiwing die toeganklikheid en beskikbaarheid van bronne in hierdie afdeling verbeter het.



## Studieversameling nou ook op grondvloer langs Leendiensteste

Die Studieversameling bestaan nou bykans vyf jaar. Dit word in dieselfde ruimte as die gereserveerde bronne gehuisves en word op dieselfde wyse beskikbaar gestel. In hierdie versameling word bronne gehou wat in die studiegids aangedui word as "aanbevole bronne", of een ekstra eksemplaar van boeke wat druk gebruik word. Daar kan ook in spesiale gevalle voorgeskrewe bronne geplaas word. Soos met Reservering hoop ons om in hierdie versameling sekere kernbronne te identifiseer wat te alle tye beskikbaar kan wees, aangesien dit nie uit die Biblioteek geneem kan word nie. Personeel word versoek om bronne wat vir hierdie doeleindes aangekoop behoort te word, onder ons aandag te bring.



## Tydskrifafdeling se diensure ingeperk

Met die veranderende tegnologie ten opsigte van inligtingsverskaffing en die groot toename in elektroniese tydskrifte het die gebruik van gedrukte tydskrifte drasties afgeneem.

Sedert 1999 het die gebruiksyfer van tydskrifartikels by die Tydskrifafdeling van bykans 100 000 artikels per jaar afgeneem na net 14 000! Daar is dus in die loop van 2008 besluit om die dienspunt geleidelik te verklein en ook die diensure te verkort. Vanaf 2009 sluit hierdie afdeling reeds om 18:00. Dringende aanvrae kan by die Leentoonbank gerig word, maar normale aanvrae sal die volgende dag hanteer word en die metode van aflewering kan volgens eie keuse plaasvind. Dit kan steeds in gedrukte formaat by die Biblioteek verkry en gekopieer word, of dit kan in elektroniese formaat per e-pos ontvang word.

Daar word beoog om voortaan tot 'n groot mate oor te skakel na elektroniese lewering van tydskrifaanvrae. Die



sirkulasiestelsel van tydskrifte tussen departemente en vakgroepe word ook hersien. Dit kan dalk in die loop van 2009 na 'n elektroniese kennisgewingstelsel verander. Inligting sal deurgegee word sodra die stelsel volledig in werking is. Die lewering van tydskrifartikels kan dan moontlik ook, indien verkies, elektronies geskied.

## Interbiblioteeklenings (IBL) het na voorportaal verskuif

Die meeste gebruikers wat aktief gebruik maak van [IBL](#), sou waarskynlik reeds gemerk het dat hierdie afdeling verskuif het na die voorportaal van die Hoofbiblioteek.

Met die verskuiwing van Reservering na die Leentoonbank op die grondvloer, moes nuwe kantore ingerig word in die ruimte wat voorheen deur IBL gebruik is. Die logiese ruimte (en inderdaad die laaste onbesette ruimte in die Biblioteek) was die kantoor van Engela van der Walt, 'n gewaardeerde oud-kollega, wat waarskynlik nog deur baie ouer biblioteekgebruikers onthou word.

Daar is ook verlede jaar besluit om die interbiblioteekleningsdiens uit te brei na honneurs- sowel as vierdejaarstudente. Ten spyte van al ons inligtingsbronne en databasisse van 'n hoogstaande akademiese standaard, is daar gevind dat ons steeds nie in die behoefte van al die studente op hierdie vlak kan voldoen nie. Veral waar die onderwerp van 'n werkstuk, vraestel of navorsing baie gespesialiseerd is, is dit nodig om soms inligting van 'n ander instansie aan te vra. Studente wat van hierdie diens gebruik wil maak, kan gerus met hulle [vakbibliotekaris](#) in verbinding tree.

Verdere belangrike nuus vanaf IBL is dat Susan Coetzee in 2006/7 'n groot poging aangewend het om internasionale leweransiers te identifiseer wat bereid is om inligting gratis of teen minimale kostes beskikbaar te stel. Deur hulle dan eerste te gebruik vir aanvrae kon ons baie meer buitelandse aanvrae rig en suksesvol teen 'n lae koste lewer.

Susan Coetzee het afgetree na bykans tien jaar by IBL en die leisels oorgegee aan Marieta Buys (018 299 2793). Gelukkig is Susan steeds in 'n tydelike hoedanigheid betrokke ter wille van opleiding, die ontwikkeling van nuwe dienste en die uitbreiding van bestaande dienste.



Interbiblioteeklenings



Marieta Buys

## Westlaw International

[Westlaw International](#) is 'n subskripsie gebaseerde diens wat toegang verleen tot internasionale hofsake, wette, tydskrifartikels, "Law Reviews" en "Treatises". Selfs 'n paar Suid-Afrikaanse tydskrifte is reeds volteks hierop geïndekseer.

Voordele van die databasis:

- Gesaghebbende inhoud wat insluit kopnotas, aanhalings en "legal update alerts".
- Maklike koppelvlak om te gebruik.
- Toegang vanaf enige plek in die wêreld via die [Biblioteek-webblad](#).

## Die Opvoedingswetenskappe-biblioteek

Hierdie Biblioteek het in April 2008 sy eerste bestaanjaar in sy nuwe gedaante gevier. Dit blyk egter dat daar steeds baie studente en selfs personeel is wat nie van die bestaan van hierdie Biblioteek bewus is nie. Dit is geleë in die noordelike vleuel van die opgeknapte ou POK-Hoofgebou (C6).

Dit het in April 2007 uit die ENAN-gebou verskuif om plek te maak vir die skep van die institusionele kantore. Aangesien die nuwe gebou waarin dit gehuisves is maar ongeveer 'n kwart van die oppervlakte van die vorige gebou beslaan, is die ruimte baie kompak benut met min studieruimte vir studente. Tog poog die Biblioteek om met hierdie nuwe takbiblioteek 'n sinvolle inligtingsdiens op die voorstoep van die onderwysstudente te bedryf en dit vir hulle so maklik moontlik te maak om die nodige akademiese inligting te bekom. Daar is ook 'n klein PC-laboratorium waar studente



hul werkstukke kan doen, internettoegang het en hulle e-posse kan lees. Verder is daar goeie kopieergeriewe. Benewens die akademiese bronne is daar materiaal, hulpmiddels en plakkate vir lesaanbieding, asook 'n groot versameling kinder- en jeugboeke.

[Gaan verken gerus hierdie Biblioteek!](#)

## Ken u die Musiekbiblioteek in die Konservatorium langs die Fanie du Toit-sportterrein?

Die [Musiekbiblioteek](#) is vir die musiekstudente sowel 'n studieruimte as 'n bymekaarkomplek tussen periodes. Die musiekversameling behels bykans 5 000 CD's, langspeelplate (oorwegend klassieke musiek, maar ook jazz, rock-, tradisionele en wêreldmusiek), DVD's van verskeie operas, heelwat gedrukte boeke en 'n groot versameling bladmusiek, en bied vir musiekstudente 'n ontspanne omgewing waarin hulle kan studeer.

U hoef egter nie 'n musiekstudent te wees om van hierdie Biblioteek se bronne gebruik te maak nie. Alhoewel die DVD's en CD's nie uitgeneem kan word nie, is daar genoeg klank-, kyk- en luisterapparaat om in die Biblioteek daarna te luister. As u ooit lus voel om u klassieke en ander



musiekkennis bietjie uit te brei en self nie oor genoeg CD's beskik nie, kan u gerus met die Musiekbiblioteek kom kennis maak.

## Die Natuurwetenskappe-biblioteek kry na 30 jaar lugreëling

Die personeel en studente van die [Natuurwetenskappe-Biblioteek](#) (in die "spinnepogebou") het nou die voorreg om in 'n lugversorgde ruimte te kan werk! Die temperatuur in hierdie gebou is oor bykans twintig jaar gemonitor. Die gemiddelde temperatuur waarin gewerk is, het in die wintermaande gewissel tussen 14 en 17 °C en in die somer tussen 28 en 33 °C. Dit is dus met groot dankbaarheid dat ons kan berig dat studente hulle nou nie meer hoef te staal teen hierdie uiterstes terwyl hulle die biblioteek gebruik nie. Indien u dus dalk nog nie van hierdie verbetering bewus is nie, nooi ons u om opnuut hierdie Biblioteek met die uitstekende inligtingsdiens wat deur die bibliotekaresse, Anriëtte Pretorius, daar gelewer word te kom benut. Geen vraag is te moeilik en geen moeite te veel vir ons bekwame en ervare personeellid in hierdie Biblioteek nie.



## FW de Klerk-lokaal

Die lokaal in die Hoofbiblioteek waarin die Regsboeke gehuisves word, staan onder die studente oor die algemeen bekend as "Die Glaskas". Dit is ook die studieruimte wat gesoneer is as die leerruimte waar algehele stilte moet heers. Diegene wat soms die Tydskrifafdeling op die tweede vloer besoek, sou in die tydperk in en om die Aprilvakansie van 2008 gemerk het dat daar heelwat opknappwerk aan die leessaal gedoen is. Dit is deel van 'n opknapprogram van die Hoofbiblioteek wat oor ongeveer drie jaar gaan strek. Die ruimte is in skakerings van groen, wit en roomwit geverf, daar is nuwe ligte aangebring volgens Eskom se nuwe voorskrifte, en die hele ruimte vertoon nou ruim, lig en rustig.



Aan die einde van die jaar is 'n gedenkuitstalling ter ere van oud-president FW de Klerk, Nobelpryswenner, oud-regstudent en oud-kanselier van die PU vir CHO, in 'n gedeelte van die ruimte ingerig. 'n Gedeelte van mnr De Klerk se foto-albums, boekery en koerantknipsels is aan die Biblioteek en die Universiteit geskenk. Die Universiteit wil graag met hierdie uitstalling hulde bring aan 'n persoon wat steeds nou bande met die Universiteit het en diep spore in die geskiedenis van die land getrap het. Die bekende "Glaskas" het met sy nuwe voorkoms nuwe betekenis gekry en is herdoop tot die FW de Klerk-lokaal. Die permanente uitstalling is in Januarie 2009 op luisterryke wyse geopen.



## Eerste vloer se boeke kronologies georden

Histories het die taal- en letterkunde boeke (400 en 800) bymekaar gestaan. Die 400-klas het in 2008 na die grondvloer geskuif in die plek van die Opvoedkunde boeke wat na die nuwe Takbiblioteek verskuif is. Daar is toe besluit om die eerste vloer in 'n logieser volgorde te orden.

Met die hulp van 'n paar studentewerkers is die bykans 6000 rakke gedurende die somervakansie geskuif. Die klasnommers volg nou kronologies op mekaar van wes na oos vanaf 500 tot by 800. Die proefskrifte en verhandelinge is nie verskuif nie en is steeds as afsonderlike versameling behou aan die oostekant van die eerste vloer.

Indien u dus bietjie verdwaald voel omdat die boeke nie is waar u daaraan gewoond is nie, kan u net die nommers volg of gerus kom hulp vra. Ons sal u graag help om te kry waarna u soek!




600 Staan nou waar 800 gestaan het.

## Ons gewildste databasisse

Die Biblioteek probeer doelbewus om op databasisse in te teken wat koppeling na die elektroniese volteksartikels verskaf. Hierdie wetenskaplike artikels is 'n goeie teenvoeter vir die algemene inligting wat gebruikers so graag op die Internet met behulp van soekenjins verkry.

Daar was weereens groot groei in databasisgebruik in 2007 en daar het 'n duidelike stabiliserende effek plaasgevind in 2008. Van ons gewildste databasisse is:

Databasis	Soektogte 2006	Soektogte 2007	Soektogte 2008
Academic Search Premier (EbscoHost)	98871	131704	138876
Business Source Premier (EbscoHost)	24252	36263	51074
Emerald	8718	20912	29306
JSTOR	3774	15100	30089
SAePublications	41954	191698	208084
ScienceDirect	50873	76163	82222
Web of Science	7663	12971	13617



**eFundi**

**Ons help graag**

Die [Vakbibliotekaris](#) in die Biblioteek help u graag om die volgende skakels op u eFundi-blad te plaas:

- 'n Skakel na u biblioteekvakblad met al die nodige wetenskaplike databasisse vir u spesifieke vak daarop gelys.
- 'n Skakel na u gereserveerde materiaal. Elektroniese kopieë is ook direk beskikbaar en ons klaar self die kopiereg uit.

Ons kan u help om die nodige materiaal vir 'n spesifieke opdrag onder die "Resources"-skakel op eFundi te plaas. Vir enige navrae kontak asseblief vir Louise Vos by 018 299 2788 of Erika Rood by 018 299 2828.

## Geakkrediteerde tydskrifte

Geakkrediteerde tydskrifte bevat erkende navorsingsuitsette wat aan spesifieke kriteria voldoen en daarom kwalifiseer navorsing gepubliseer in hierdie tydskrifte vir subsidie deur die [Department van Onderwys](#) (DvO). Die drie kwalifiserende indekse vir subsidie-draende tydskrifte is:

- Die Institute of Scientific Information (ISI) se Web of Science. ([Science Citations Index Expanded](#), [Social Sciences Citation Index](#) en [Arts & Humanities Citation Index](#)). Die ISI Master List as sodanig word nie erken nie. Tydskrifte wat slegs in die ISI Master List voorkom kwalifiseer ook nie vir subsidie nie.
- Die [International Bibliography of Social Sciences](#) (IBSS)
- Die [Department of Education List of Accredited Journals](#) (of ook bekend as die DvO lys).

Die Biblioteek beplan om elke twee maande bogenoemde lyste in 'n [databasis](#) op te dateer om die soekproses te vergemaklik. Indien u meer inligting benodig of onseker is oor enige titel kontak Ronél Pieterse by 018 299 4853 ([Institusionele Departement Navorsingsondersteuning](#)).

**Geakkrediteerde tydskrifte**  
(Hierdie is 'n saamgestelde databasis van die 5 lyste soos goedgekeur deur die Departement van Onderwys)

Soek enige woord, woorde in stel of frase. Gebruik die "\*" & " tussen woorde. Die **Word Wheel** verskaf 'n indeks van tydskrif-titels.

**Tydskrif-titel**

**Bronne**

 Kombineer soektog deur 'n spesifieke bron te selekteer

**ISSN**

Die lys is opgedateer op: 22 Okt 2008.

Powered by DB-Text Web Publisher, from **IMAGIC**

Geakkrediteerde tydskrifte is erkende navorsingsuitsette wat voldoen aan spesifieke kriteria vir subsidiëring soos uiteengesit deur die Departement van Onderwys (DvO).

- [Arts & Humanities Citation Index](#) @ (Web of Science)
- [Science Citation Index Expanded](#) @ (Web of Science)
- [Social Sciences Citation Index](#) @ (Web of Science)
- [International Bibliography of Social Sciences](#): [IBSS list](#)
- [Department of Education](#): [SA Accredited Journals list](#)

**Indien u nie 'n titel nie op hierdie databasis kan kry nie, soek asb individueel op bogenoemde lyste.**

Hierdie lys is in ooreenstemming met die "Policy and Procedures for Measurement of Research Output of Public Higher Education Institutions" (Higher Education Act 101, 1997) afgekondig deur die Minister van Onderwys in Oktober 2003. (Die DvO erken nie die ISI Master Journal list **nie**, sien p. 6.)

Benodig u meer inligting? Of is u onseker oor enige titel? Kontak Ronél Pieterse by 018 299 4853 ([Institusionele Departement Navorsingsondersteuning](#)).

## Nuwe hoofstuk vir Vaaldriehoekcampus-biblioteek

VANDERBIJLPARK. – Die bekende skrywer, Shelby Foote, het die mening gehandhaaf dat 'n universiteit slegs 'n aantal geboue is wat rondom 'n biblioteek gesentreer is. Met dié mening in gedagte het die Biblioteek op die Vaaldriehoekcampus onlangs 'n spiksplinternuwe baadjie aangetrek en so verseker dat Foote se woorde bewaarheid word. Die Biblioteek – voorheen bekend as 'n takbiblioteek van die Ferdinand Postma-biblioteek in Potchefstroom, is onlangs op luisterryke wyse hernoem na die Vaaldriehoekcampus Biblioteek.

'n Kunsuitstalling deur An- Mari's Kunstgalerie het tot die glans van die geleentheid bygedra. Die tema van die kunsuitstalling, wat tot die 25ste Julie 2008 aangebied is, was "Ons Eie" en het skilderkuns, beeldhouwerk en fotografie vanuit die Vaaldriehoek ingesluit. 'n Hoogtepunt van die dag was die oorhandiging van 'n selfstudie van die kampusrektor deur die kunstenaar Ilse Straw. Dié portret het nou 'n ere-plek in die Biblioteek.

*Die artikel is geskryf en verskaf deur: Annette Willemsse  
Korporatiewe Kommunikasie Beampte  
Noordwes-Universiteit: Vaaldriehoekcampus*



Die amptelike onthulling van die nuwe naamplaat vir die Vaaldriehoekcampus Biblioteek. Die onthulling is behartig deur Mnr Tom Larney en Prof Piet Prinsloo, kampusrektor.

## Nuwe gesig vir die Biblioteekatalogus

Die Biblioteek se aanlyn-katalogus (WebPAC PRO) lyk splinternuut en bied heelwat nuwe opsies:

- Soek aanlyn in al drie kampusbiblioteke se katalogusse gelyktydig  of afsonderlik.

MAFIKENG CAMPUS


POTCHEFSTROOM CAMPUS

VAAL TRIANGLE CAMPUS

- Met die "RightResult Search Technology" word die mees toepaslike/relevante resultate eerste vertoon met die aanduiding van relevansie deur die geel blokkies.



- Kits-sortering van resultate is nou moontlik met die klik van 'n knoppie:



- Soektogte kan afgebaken word deur slegs te soek op beskikbare bronne:

Limit results to available items

- Soektogresultate kan verminder word deur die beperk-opsie te gebruik,



waar heelwat voorwaardes gestel kan word.

- Wanneer u hierdie teken by 'n rekord sien, is daar toegang tot die inhoud, 'n opsomming, of die volteks-inligting van die bron:



eContent

- Resultate kan gerieflik na u e-pos, hardeskyf of drukker gestuur word:

Format Of List	Send List To
<input checked="" type="radio"/> Full Display <input type="radio"/> Brief Display <input type="radio"/> Pro-Cite <input type="radio"/> End-Note/RefWorks <input type="radio"/> MARC	<input checked="" type="radio"/> E-Mail Mail To: <input type="text" value="toets@nwu.ac.za"/> Subject: <input type="text" value="From the library catalog"/> <input type="radio"/> Screen <input type="radio"/> Local Disk
<input type="button" value="Submit"/>	



### Wat is RefWorks?

Onthou jy die handgeskrewe kaartjies in boksies in jou kantoor met verwysings na al die artikels, boeke en kongresreferate wat jy oor jare versamel het oor die onderwerpe waarvoor navorsing gedoen is? Wel RefWorks is die moderne, gebruikersvriendelike vorm daarvan.

Met [RefWorks](#) kan jy jou eie databasis op die Web skep van bronne wat vir navorsing gebruik is. Die verwysings in RefWorks kan dan outomaties in jou navorsingsdokument ingetrek word en in sekondes volgens 'n spesifieke bibliografiese styl geformateer word. 'n Groot voordeel is dat hierdie bronne nou soekbaar is en dat dit vanaf enige internetrekenaar beskikbaar is. Die databasis kan ook gedeel word indien verskillende mense saam aan een projek werk. [So maak mens ...](#)



## Opleidingslokale

Die Biblioteek stel twee opleidingslokale, nl Besembos en Tarentaal, beskikbaar vir gebruik deur personeel en studente. Kontak gerus vir Ria Adelaar x2802 indien u hulle wil bespreek.



## Potchefstroom Campus Libraries Catalogue

North-West University



## Stel jou eie kennisgewings (“alerts”) op vir nuwe aanwinste

Kennisgewings (beter bekend as “alerts”) is ‘n “current awareness”-soekmoontlikheid wat deur die Millennium-katalogus gebied word. Dié funksie maak dit moontlik dat soektogte wat deur jou of jou inligtingsbibliotekaris geskep is, met gereelde tussenpose uitgevoer word, waarna die stelsel die resultate aan jou e-pos-adres stuur. Die [handleiding](#) verduidelik aan jou hoe om jou eie “alerts” op die katalogus (WebPAC PRO) te skep.

## Ferdinand Postma-biblioteek ontvang trofee by IUGSA: 2008

Die Afdeling Inligtingstelsels het tydens die [IUGSA: 2008](#) (Innovative Users Group: 2008) Konferensie in Port Elizabeth die [GAELIC](#)-wisseltrofee vir “Best participation at the IUGSA Conference” ontvang. Personeel van die afdeling was aktief betrokke as leiers van verskeie besprekingsgroepe oor [Millennium](#)- funksionaliteite en het ook voorleggings gelewer.



Van links na regs: Carine Basson, Corrie Breitenbach en Elize van Eldik